# Lesing 05.03.2018 - Die Antichris DEEL 6

Die geloof is in gevaar

***Augustus 1950***

Op `n onverantwoordelike manier sal die Antichris optree teen almal wat nog glo in `n Elohim van Hemel en aarde, want hy sal die mense dwing tot die verloëning van die geloof wat van My uit `n absoluut vrye wilsbeslissing van die mens is. Hy dwing hulle onder bedreiginge en met maatreëls wat vir die mense ondraaglik lyk, om welke rede hulle te swak is om weerstand te bied. Daarom moet daar gesê word; "die geloof is in gevaar".

Dit moet almal laat dink wat Ek benader deur My afgesante op aarde, aan wie My woord, wat My afgesante van My af ontvang het, oorgebring word. Die geloof is in gevaar!

Weet julle wat dit beteken om openlik `n standpunt te moet inneem en tegelykertyd die grootste aardse nood tegemoet te gaan? - Weet julle hoe die mense teenoor julle elke lering van die geloof sal afkraak en vir julle die sinloosheid daarvan sal wil bewys, en hoe weinig julle daarop sal kan antwoord? - Weet julle hoe moeilik dit vir julle gemaak gaan word om te kan standhou in julle geloof in My, julle Elohim en Vader van die ewigheid? - Hoe hulle alles van julle sal afneem en ruïneer wat vir julle tot nou toe onaantasbaar lyk. Hulle sal brutaal handel en optree teen almal wat hulle eis om My te verloën, vasberade van die hand sal wys, en met dit alles voor oë sal sommige swakker word en My sonder weerstand verraai, want die krag van die geloof wat uit suiwer Waarheid ontspring sal by hulle ontbreek.

Ek wil julle attent maak op die tyd en julle alreeds daaroor opheldering gee, omdat Ek die gesteldheid van elke mens persoonlik ken. Ek ken ook die nood waarin julle sal raak, deur die aktiwiteit van My teëstander, wat homself deur sy maatreëls duidelik sal laat ken. Ek wil julle oor sy sukses inlig, omdat hy baie aanhangers sal vind, want hy sal met lis en geweld stry. Hy sal slaag waar hy nie moes geslaag het nie, hy sal die geloof aan die wankel bring wat onwankelbaar gelyk het.

Hy sal geloofsleringe sonder moeite omvêrgooi, want hy kan goed praat en sal die mensdom die dwaasheid van hulle denke bewys. En die wat My nie in die hart dra nie, sal hom toejuig en gelyk gee, en sy mag nog aansienlik versterk. Hy sal bereik wat niemand tevore bereik het nie, naamlik `n mag ten gronde rig wat as onoorwinlik beskou was.

Maar `n muur sal hy nie kan neerslaan nie, teen weerstand sal hy stuit en wel daar waar My stryders onder My leiding sal staan. Daar sal hy geen kans hê nie, want My stryders sal onoorwinlik wees, omdat die skild van die geloof hulle beskut, `n geloof wat so lewend is, dat die krag in hulleself sal wees en nie aan die wankel gebring sal kan word nie.

My stryders sal die krag regstreeks van My af ontvang, want hulle sal My kan hoor en sien en voor geen versoeking beswyk nie, hulle sal daarom wetend wees en ook insien welke uur geslaan het en hoe naby die einde is. Die ware kennis sal vir Myne die krag gee om te volhard tot aan die einde toe, maar die ware kennis sal by die meerderheid van die mense ontbreek en wanneer dit aan hulle vertel sal word, sal hulle dit nie aanneem nie.

Ek weet egter wat kom en sal julle wil help, maar Ek kan dit slegs doen deur opheldering volgens Waarheid aan julle te gee oor die stryd van die Lig teen die duisternis in die laaste tyd voor die einde. Dus opheldering oor die groot mag van My teëstander en die nog baie groter liefde van julle Hemelse Vader en Sy barmhartigheid, wat vir almal sal geld wat by Hom wil bly. Wie daarom die ernstige wil, sal hê om aan die klein kudde te behoort Wie se Herder Ek is en wie Ek dus nie sal verlaat in die verskriklikste geloofstryd wat die mense van die aarde nog voor die einde sal belewe nie.

AMEIN